# SUNStudent

UNIVERSITEIT
iYUNIVESITHI
STELLENBOSCH
UNIVERSITY
100
1918 · 2018

# SUNStudent Vier Finale Fases van Bloudruk-aftekenproses

SUNStudent is a gift
we accept it,
SUNStudent is an adventure
we dare it,
SUNStudent is a mystery
we are unfolding it,
SUNStudent is a puzzle
we are solving it,
SUNStudent can be a struggle
we are facing it,
SUNStudent is an opportunity
we took it,
SUNStudent is a mission
we will fulfil it.

(Siddarth Badjatiya: COO and Serosoft Project Manager - Indore India)

Die einde van die Bloudrukontwerpfase vir die SUNStudent-projek is gevier in `n perfekte omgewing, omring deur gewaardeerde kollegas en leiers wat erkenning gegee het, en hulle opregte waardering uitgespreek het teenoor almal vir hulle aktiewe deelname, harde werk, en waardevolle bydraes tot die afteken van die Fase 2 en 3 Bloudrukdokumente. Dr. Ronel Retief, Registrateur en projekborg van SUNStudent het prof. Stan du Plessis, lede van die SUNStudent Stuurkomitee, die SUNStudent-projekbestuurskomitee, die kernspan en al die verteenwoordigers van die Fase 2 en 3 besigheidsareas met groot blydskap verwelkom.

Die viering was vir die afteken van die volgende besigheidsareas:

Fase 2: Skedulering van klaskamers en eksamenlokale, Bestuur van verenigings en sportklubs, Kurrikulumbestuur, Vorms A & B, Registrasie, Studentegelde, Koshuisbestuur en Kortkursusse.

Fase 3: NSS-uitslae oplaai, Etebesprekings, Eksamenvergunnings, Bestuur van nagraadse studente, Bestuur van eksamens, Mentorskap, Tutorskap, Studentedissipline, Verkiesings, Handboekbestellings, Ko-kurrikulêre bestuur, Beursadministrasie, Studente-assessering en punteverwerking, Somer-/Winterskole, Bestuur van tesisse, Kwalifikasie-oudit en gradeplegtighede, Akademiese progressie & Hertoelatingsaan-soeke

Erkenning en dankbaarheid is uitgespreek deur Ronel Retief, Stan du Plessis, Attie Juyn, Freek Truter en Sid Badjatiya teenoor die kernspan: Gavin Nimmo, Kezia Gordon, Helene Nieuwoudt, Anna-Mari du Toit, Gene Vermeulen, Melville Anderson, Daneel van Wijck en Lulu Labuschagne, gelei deur Jan du Toit. Hierdie span het eindelose ure aan die ontwerp van hierdie Bloudrukdokumente bestee deur werksessies en konsultasies met die eienaars en verteenwoordigers van die onderskeie besigheidsareas.

Attie Juyn het in die hart van hierdie projek ingekyk toe hy die kernspan bedank het vir die leidende rol wat hulle tydens die Bloudrukontwerpfase gespeel het. Hulle het hierdie jaar letterlik Bloudrukprosesse geleef en asemgehaal. Dit is geen wonder dat Attie vir Jan du Toit as die "Vader van SUNStudent" aangewys het nie!

Prof. Stan du Plessis het benadruk dat die SUNStudent-projek een van die grootste projekte in die geskiedenis van die Universiteit is en het gesê dat dit opmerklik is dat die SUNStudent-projek op koers gebly het ondanks die grootste ontwrigting wat die Universiteit nog ooit ervaar het in sy bestaan van 102 jaar!
Prof. Stan het voorts daarop gewys dat die implementering van 'n studente-administrasiestelsel een van die mees komplekse aktiwiteite is wat 'n Universiteit kan onderneem - die rede hiervoor is dat 'n studente-administrasiestelsel die DNA van wat `n Universiteit is, aanraak. Die groot verandering wat met hierdie projek gepaardgaan, is ook beklemtoon en prof. Stan het die projekspan geprys vir die feit dat hulle `n doelbewuste standpunt ingeneem het ten opsigte van die noodsaaklikheid van veranderingsbestuur. Hy het genoem dat kollegas regoor die Universiteit hul waardering uitgespreek het vir die inklusiewe benadering wat die projek tot dusver gevolg het. Prof. Stan het ter afsluiting verwys na respek wat verdien word (vir iets wat buite die plig van diens gedoen word), as iets wat die SUNStudent projekspan vanjaar toekom omdat hierdie projek op koers gehou is ten spyte van baie moeilike omstandighede.

Freek Truter het die totaal van 98 gebruikers bedank vir hul bydraes tot die afteken van die Fase 2 en 3 Bloudrukdokumente. Die stelsel word tans gekonfigureer volgens die afgetekende Bloudrukdokumente, waarna toetsing van die stelsel deur die gebruikers in 2021 sal volg.

Almal is baie opgewonde en sien uit na die eerste oomblik van "lewendig gaan" op 6 April 2021 wanneer aansoeke vir die 2022-inname op die nuwe stelsel sal oopmaak.

# SUNStudent








Besoek gerus ons webblad in die nuwe jaar vir opgedateerde projekinligting:
http://www.sun.ac.za/afrikaans/SUNStudent/Pages/default.aspx

Het jy enige vrae of terugvoer met betrekking tot die projek? Maak asseblief gebruik van ons epos:
sunstudent@sun.ac.za

Ons wil graag van die geleentheid gebruik maak om al die SUNStudent-belanghebbers `n geseënde feestyd en voorspoedige 2021 toe te wens. Bly asseblief veilig en gesond en geniet julle welverdiende vakansie!